

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Ten einde die prinsipiële ondersoek na ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in die blanke primêre skool in Suid-Afrika in perspektief te plaas, was dit nodig om eerstens 'n literatuurondersoek te onderneem en tweedens om verskillende aspekte van ouerbetrokkenheid empiries volgens die vraelysmetode te ondersoek.

Die samevatting en gevolgtrekkings voortspruitend uit die literatuurstudie word vervolgens geïntegreerd aangebied. In die lig van die bevindinge soos gegrond op die literatuurstudie en die empiriese ondersoek sal enkele aanbevelings gemaak word.

7.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

7.2.1 Probleemstelling

Ten spyte van die feit dat aan die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken is deur middel van wetgewing skyn dit asof die ouer wat die primêre opvoeder van sy kind is, geleidelik sy regmatige aandeel in die opvoedende onderwys van sy kind verloor het (vergelyk 1.2).

Swak ouerbetrokkenheid word toegeskryf aan die feit dat ouerdeelname geleidelik vervlak het tot minder belangrike terreine soos toesig oor fisiese geriewe en fondsinsamelings by skole (vergelyk 1.2).

Die feit dat slegs 'n baie klein hoeveelheid ouers inspraak het by hulle kinders se opvoedende onderwys by die skool deur middel van sitting op bestuursrade en georganiseerde ouerliggame, het ook daartoe bygedra dat die individuele ouer se betrokkenheid steeds afgeneem het (vergelyk 1.2).

Die probleemvrae wat nagevors is, is die volgende:

- Aanvaar die ouer sy kind onvoorwaardelik as die skepping van God en unieke wese?
- Is die ouer beskikbaar as sy kind op sy teenwoordigheid aanspraak maak?
- In welke mate is die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die primêre skool toegerus om 'n bydrae te lewer tot die skep van 'n geborgenheidsruimte vir sy kind?
- Kan die ouer as kultuurdraer 'n bydrae lewer tot die opvoedende onderwys van die kind sonder om sy bevoegdheidsterrein te oorskry?
- Kom daar 'n duidelike tendens na vore uit die historiese ontwikkeling van ouer-betrokkenheid van die blankes in die primêre skool in Suid-Afrika?
- Watter rol speel die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die opvoedende onderwys van sy kind in die primêre skool?

7.2.2 Doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek was om:

- Op grond van die literatuurstudie kennis en insigte te bekom ten opsigte van die volgende:
 - ☒ of die ouer sy kind as skepsel van God onvoorwaardelik aanvaar;
 - ☒ of die ouer beskikbaar is as sy kind op sy teenwoordigheid aanspraak maak;
 - ☒ of die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die primêre skool toegerus is om 'n geborgenheidsruimte vir sy kind te skep, en
 - ☒ in welke mate die ouer as kultuurdraer 'n bydrae kan lewer tot die opvoedende onderwys van sy kind (vergelyk 1.3).
- In die bestudering van die historiese ontwikkeling van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys is die rol van die blanke ouer op mikro-onderwysvlak in die opvoedende onderwys van die primêre skool uit die volgende oogpunte te ondersoek:
 - ☒ die onvoorwaardelike aanvaarding van die kind deur sy ouers;
 - ☒ die beskikbaarheid van die ouers vir hulle kinders se opvoedende onderwys;
 - ☒ die ouers as skeppers van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders, en
 - ☒ die ouers as kultuurdraers (vergelyk 1.3).

- Verder moes empiries bepaal word wat die stand is van die blanke ouer van die primêre skool in Suid-Afrika ten opsigte van ouerbetrokkenheid. Die doel van hierdie empiriese ondersoek het die volgende behels:
 - ☒ of die ouer sy kind as skepsel van God aanvaar;
 - ☒ of die ouer homself genoegsaam beskikbaar stel vir sy kind se opvoedende onderwys;
 - ☒ of die ouer toegerus is om 'n geborge opvoedende onderwysatmosfeer vir sy kind te skep, en
 - ☒ of die ouer as kultuurdraer vir sy kind optree (vergelyk 6.2).
- Daar moes tot bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings ten aansien van die ouers se betrokkenheid by die opvoedende onderwys van hulle kinders gekom word.

7.2.3 Die ouer as primêre opvoeder se betrokkenheid by opvoedende onderwys

Die prinsipiële presisering van die aard van ouerbetrokkenheid, asook 'n fundamenteel-opvoedkundige identifisering van kontakterreine in die samelewingsverbande soos die gesin, skool, staat, kerk en bedryf is beskryf met die doel om as vertrekpunt te dien vir die verloop van die navorsing.

Die ouer het as primêre opvoeder bepaalde verantwoordelikhede met betrekking tot die opvoedende onderwys van sy kind. As gevolg van sy verbondenheid aan die samelewingsverbande soos die gesin, familie, kerk, staat en skool, wat deur God in aansyn geroep is, moet die ouer as primêre opvoeder die bepaalde verantwoordelikhede met betrekking tot die opvoedende onderwys van sy kind nakom (vergelyk 2.3).

Deur die aflegging van die doopbelofte het die ouer die eise van behoortlikheid aanvaar om in gehoorsaamheid aan God sy kind na behore op te voed. Die Christelike lewensopvatting van die ouer dring hom tot die bepaalde verantwoordelikhede met betrekking tot die opvoedende onderwys van sy kind (vergelyk 2.2).

Die samelewingsverbande soos die ouerhuis, die skool, kerk, staat en bedryf vorm 'n verlegtingstruktuur, wat in 'n bepaalde samehang die opvoedende onderwys van die kind gemeenskaplik bemoontlik (vergelyk 2.5).

Die ouer as primêre opvoeder van sy kind wat deur God aan sy sorg toevertrou is, moet sy opvoedingsverantwoordelikheid onvoorwaardelik aanvaar. Dié aanvaarding behels dat die opvoedende onderwys van sy kind 'n bepaalde strekking behoort te hê en dat die

ouer moet toesien dat die strekking gehandhaaf word deur die ander samelewingsverbande wat sy kind periodiek onder hulle sorg neem (vergelyk 2.6).

Die implikasies van die fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak word verder aangedui in die verskillende historiese tydperke wat in die navorsing ondersoek is.

In die volgende paragrawe word die kontakterrein tussen ouers en kinders op mikro-onderwysvlak van die verskillende historiese tydperke aangetoon binne die raamwerk van die vier essensies van die opvoeding soos in Hoofstuk 1 (vergelyk 1.6) aangetoon is.

7.2.4 Historiese momente weergegee by wyse van eksemplaarmodelle wat die aard en verloop van ouerbetrokkenheid in sekere tydperke illustreer

7.2.4.1 Die Grieke as eksemplaar

7.2.4.1.1 Inleiding

In die navorsing oor die geskiedenis van ouerbetrokkenheid by die Grieke is die doelstelling grootliks bereik naamlik om vas te stel wat die stand van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak was. Die samevatting en gevolgtrekkings word vervolgens weergegee aan die hand van die vier essensies wat in die navorsing ondersoek is.

7.2.4.1.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Dit blyk dat tradisie 'n groot rol gespeel het in die Griekse ouers se onvoorwaardelike aanvaarding van hulle kinders. Alhoewel die staat (leiers van dorpe) 'n bepalende faktor was in die aanvaarding van die kinders was daar onderlinge verskille tussen die twee hoof-groeperings van die Grieke. Vir die Spartane het die fisiese (liggaamlike volmaaktheid) 'n belangrike funksie vervul ten opsigte van die onvoorwaardelike aanvaarding van hulle kinders, terwyl die Atheense ouers dit nie as so belangrik beskou het nie (vergelyk 3.2.2).

Verder blyk dit dat die Griekse sienswyse ten opsigte van die opvoedende onderwys van hulle kinders oorheers is deur hulle staatsbeskouing. In Sparta was dit juis dié sienswyse van die ouers en die feit dat die opvoedende onderwys deur die staat behartig is wat veroorsaak het dat hulle nie hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het nie. Die Spartaanse ouers het dus op mikro-onderwysvlak nie genoegsaam betrokke geraak by hulle kinders se opvoedende onderwys nie omdat die staat alles oorheers het. Gemeet aan die begroning

van die fundamenteel-opvoedkundige beginsels het die Spartaanse ouers gedeeltelik gefaal in hulle opvoedingsverantwoordelikhede (vergelyk 2.5.3).

Die Atheense ouers het, in teenstelling met die Spartaanse ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar. Die ouers het op mikro-onderwysvlak betrokke geraak by hulle kinders se opvoedende onderwys omdat hulle die opvoeding van hulle kinders as 'n privaat aangeleentheid beskou het. Uit die feit dat die kind se naam opgeneem is in die familieregister wat hom die reg gegee het om te mag erf en dat hy kon strew na burgerskap, word afgelei dat dit bygedra het tot beter gesinsverhoudinge asook beter volkereverhoudinge. Die feit dat die ouers hulle kind opgedra het aan die familie gode kan ook dien as bewys dat daar beter religieuse verhoudinge in die gesin was (vergelyk 3.2.2).

Alhoewel Plato en Aristoteles die Griekse ouers bewus gemaak het van die uniekheid van hulle kinders, blyk dit uit die voorafgaande paragrawe dat die bydrae wat hulle gelewer het ten opsigte van die aanvaarding van die kind nie inslag gevind het by al die Grieke van die tydperk nie. Wanneer verder daarop gelet word dat Plato die gesin ondergeskik gemaak het aan die staat kan dit nie reformatories fundamenteel-opvoedkundig aanvaar word nie (vergelyk 2.5.3 en 3.2.2).

7.2.4.1.3 Beskikbaarheid van die ouers

Uit die navorsing is bevind dat die Atheense ouers meer beskikbaar was as die Spartaanse ouers vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die Atheense moeders was veral bekend vir hulle beskikbaarheid, teenoor die Spartaanse ouers wat meer gerig was op die openbare en militêre aktiwiteite in die gemeenskap (vergelyk 3.2.3).

Die voorafgaande bevinding toon dat die Atheense ouers hulle opvoedingsverantwoordelikhede aanvaar het om hulself beskikbaar te stel vir hulle kinders se versorging en opvoeding (vergelyk 1.5.2.6). Gemeet aan die fundamenteel-opvoedkundige beginsels het die betrokkenheid van die Atheense ouers op mikro-onderwysvlak die geleentheid geskep vir gunstige gesinsverhoudinge sodat hulle kinders beter toegerus kon word.

Die Spartaanse ouers is sterk by openbare aktiwiteite betrek en as gevolg van die militêre betrokkenheid van die vaders was hulle minder beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die Spartaanse ouers kan beskou word as die afwesige ouers. Omdat hulle nie beskikbaar was as hulle kinders in hul opvoedingsnood hulle tot hul ouers wou gewend het vir leiding en steun nie, kon hulle nie 'n bydrae lewer tot beter gesinsverhoudinge

nie. Hierdeur is die kinders ook van die voorreg ontnem om beter toegerus die lewe in te gaan (vergelyk 1.5.2.6).

Dat Plato, Aristoteles sowel as Sokrates veral teoretiese bydraes gelewer het ten opsigte van hoe die ouers beskikbaar behoort te wees, kan nie weerspreek word nie. Die feit dat hulle die staat as die belangrikste samelewingsverband beskou het, kan nie vanuit 'n Christelik-reformatoriese oortuiging aanvaar word nie (vergelyk 2.5.3).

7.2.4.1.4 Skep van geborgenheidsruimte

In Athene is die individu en die gesin meer vryhede toegelaat as in Sparta. Beter opvoedende onderwysgeleenthede deur 'n hegte en geborge gesinsverband was kenmerkend in Athene terwyl ongunstige omstandighede in Sparta aanwesig was. Die beter gesinsverhoudinge wat daar in Athene geheers het, is 'n aanduiding dat die ouers 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders geskep het wat die kind beter kon toerus vir die eise van die lewe (vergelyk 1.5.2.7).

Die betrokkenheid van die Atheense ouers op mikro-onderwysvlak was grootliks verantwoordelik vir die geborgenheid wat daar in die gesin geheers het. Die ouers het hulle kinders binne die huis gebind aan die geborge lewensordening wat in hierdie gunstige opvoedingsmilieu geheers het (vergelyk 1.5.2.7).

Dit blyk dat die Spartaanse ouers nie die bestendigheid in die ouerhuise geskep het wat die veiligheid en geborgenheid van hulle kinders gewaarborg het nie. Die ongunstige omstandighede het nie 'n bydrae gelewer tot beter gesinsverhoudinge en 'n veilige ruimte waaruit die kind met vertroue na sy wêreld kon uitgaan nie (vergelyk 1.5.2.7).

Die bydrae wat Plato gemaak het ten opsigte van die skep van 'n geborgenheidsruimte (vergelyk 3.2.4), het weerklank gevind in die opvoedingstelsel van die Atheners en ook in die kontemporêre onderwysstelsels van byvoorbeeld Suid-Afrika. Sy mening dat daar daagliks liefdevolle bemoeienis met die kind gemaak moes word, het die ouers se betrokkenheid op mikro-onderwysvlak sterk beklemtoon en bygedra tot beter gesinsverhoudinge.

7.2.4.1.5 Die ouers as kultuurdraers

Kenmerkend van die Griekse tydperk was dat die ouers hulle verantwoordelikhede ten opsigte van hulle kinders se kultuuroordrag baie getrou nagekom het. Die Atheners en Spartane het hulle kinders in partikuliere kultuurtradisies ingelei (vergelyk 1.5.2.8). Waar

die Atheense ouers hulle kultuuroordrag gemik het op die opleiding van staatsburgers deur die gebalanseerde ontwikkeling van liggaam en gees, het die Spartaanse ouers hul grootliks gewy aan die opleiding van die individu tot 'n krygskundige wat geskik was vir diens aan die staat in oorlogstyd. Die feit dat die Griekse ouers op mikro-onderwysvlak betrokke geraak het by hulle kinders se kultuuroordrag het bygedra tot beter volkere-verhoudinge.

Taalontwikkeling en die oordra van die religie was van die bydraes wat die Griekse ouers aan hulle kinders gelewer het. Die bydraes van die ouers het gunstige omstandighede geskep vir 'n taaltrots en beter religieuse verhoudinge in die gesin (vergelyk 3.2.5).

Die belangrikheid wat Sokrates sowel as Plato geheg het aan die ouers se betrokkenheid en hulp om die regte gesindheid jeens godsdiens te ontwikkel, het bygedra tot beter religieuse verhoudinge (vergelyk 3.2.5).

7.2.4.2 Die Romeine as eksemplaar

7.2.4.2.1 Inleiding

Die historiese ontwikkeling van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in Rome is ondersoek en sekere tendense het na vore gekom. Laasgenoemde wat blyk uit die vier essensies wat deurlopend ondersoek is, word vervolgens kortliks weergegee.

7.2.4.2.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die Romeinse opvoedende onderwys was aanvanklik 'n familie-aangeleentheid omdat dit in die hande van die ouers gelaat is om hulle kinders volgens Romeinse tradisies te aanvaar en opvoedend te onderwys. Tydens hierdie ou-Romeinse tydperk het die kind 'n belangrike plek in die gesin bekleed aangesien dit deel was van die Romeinse tradisies en lewensopvattinge. Die bewys dat die kind onvoorwaardelik aanvaar is, is te vinde in die feit dat die kind die religieuse rites deurloop het (vergelyk 3.3.2). Dit blyk dus dat die ou-Romeinse ouers op mikro-onderwysvlak betrokke geraak het by hulle kinders se opvoedende onderwys. Die bydrae wat die ouers deur hulle betrokkenheid gelewer het, was dat hulle beter gesinsverhoudinge gekweek het om verder by te dra tot die beter opvoedingstoerusting van die kind.

Die latere Grieks-Romeinse tydperk staan in skerp kontras met die ou-Romeinse tydperk in die sin dat die gesinslewe begin verval het en dat die kind nie meer 'n belangrike plek

in die gesin ingeneem het nie. Laasgenoemde houding van die ouers het die onvoorwaardelike aanvaarding van hulle kinders feitlik onmoontlik gemaak (vergelyk 3.3.2). Gesien vanuit 'n fundamenteel-opvoedkundige oogpunt het die ouers van dié tydperk hulle kinders die voorreg ontnem om 'n liefdesgemeenskap te vorm en dit het gelei tot opvoedingsbelemmering (vergelyk 2.3.2.2.1).

Quintilianus (35-100 n.C.) se siening dat die kind in sy uniekheid as mens aanvaar moes word strook met 'n Skrifgefundeerde mensbeskouing, maar dit blyk dat dié siening van hom nie tydens die Grieks-Romeinse tydperk die ouers se houding teenoor hulle kinders merkbaar verander het nie (vergelyk 3.3.2). Die bydrae van Quintilianus is in die huidige tydsgewrig (1991) algemeen bekend.

7.2.4.2.3 Beskikbaarheid van die ouers

Omdat die ou-Romeinse opvoeding grootliks gedraai het om die gesin, was die ouers se beskikbaarheid vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie vreemd nie (vergelyk 3.3.3). Die ouers het op mikro-onderwysvlak betrokke geraak en ook hulle verantwoordelikhede aanvaar om hulle kinders tot waardige volwassenheid te lei (vergelyk 2.3.2.2.4).

In teenstelling met die voorafgaande gegewens was die ouers gedurende die Grieks-Romeinse tydperk onbetrokke en het hulle die opvoedende onderwys van hulle kinders in die hande van 'n samelewingsverband soos byvoorbeeld die skool gelaat (vergelyk 3.3.3). Gesien teen die agtergrond van fundamenteel-opvoedkundige beginsels het die ouers deur hulle onbetrokkenheid kinders die geleentheid ontnem om 'n aandeel te hê in die vormingsgemeenskap waar die gesinslede mekaar in liefde kon help vorm (vergelyk 2.3.2.2.3).

Weer eens blyk dit dat Quintilianus se bydrae tot ouerbetrokkenheid fundamenteel-opvoedkundig aanvaarbaar is, maar dat die bydrae nie in die Grieks-Romeinse tydperk merkbaar was nie. Sy mening dat die ouers hulle ouerlike verantwoordelikhede moes nakom om hulself beskikbaar te stel vir hulle kinders se opvoeding, was in die tydperk van verval nie sigbaar nie (vergelyk 3.3.3).

7.2.4.2.4 Skep van geborgenheidsruimte

Die ouers van die ou-Romeinse tydperk het vir hulle kinders 'n geborgenheidsruimte geskep deur hulle kinders in die geborgenheid van die gesin op te voed (vergelyk 3.3.4). Gesien vanuit 'n opvoedingsperspektief het die ouers aan hulle kinders 'n geborgenheid gebied

wat die kinders kon toerus vir hulle toetrede tot volwaardige volwassenheid (vergelyk 2.3.2.2.6).

Dit blyk dat, namate die Grieks-Romeinse ouers hulle kinders as 'n oorlas begin beskou het, verval in die gesinslewe ingetree het met gevolglike ongeborgenheid wat in 'n toenemende mate by die huisgesinne gefigureer het. Die Grieks-Romeinse ouers het hulle verantwoordelikhede ten opsigte van hulle kinders al hoe meer negeer en dit grootliks oorgelaat aan bediendes en onderwysers (vergelyk 3.3.4). Gemeet aan die Christelike samelewingsteorie het die ouers nie hulle verantwoordelikhede ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys nagekom nie.

Quintilianus het ook 'n bepaalde invloed op die opvoedingsteorieë en praktyk uitgeoefen. Sy siening van die ouerhuis en skool strook met 'n Christelike samelewingsteorie, want die ouers is die primêre opvoeders van hulle kinders terwyl die skool aansluiting vind by die opvoeding van die ouerhuis (vergelyk 3.3.4).

7.2.4.2.5 Ouers as kultuurdraers

As primêre opvoeders van hulle kinders het die Romeinse gesinne medeseggenkap vir hulle kinders se opvoedende onderwys as samelewingsverband aanvaar en hulle plek as kultuurdraers doelmatig volgestaan. Tradisionele rituele is baie getrou aan die kinders oorgedra en veral die vaders het hier 'n belangrike bydrae gelewer (vergelyk 3.3.5). Hierdeur het die ouer op mikro-onderwysvlak nie net 'n bydrae gelewer tot beter religieuse verhoudinge nie, maar ook tot beter volkereverhoudinge.

Quintilianus se bydrae in dié verband het gespruit uit sy siening dat die ouers en veral die vaders 'n belangrike aandeel moes hê in die kultuuroordrag aan hulle kinders. In aansluiting hierby was hy ook van mening dat die verantwoordelikheid nie slegs by die ouers gelê het nie maar dat die ander samelewingsverbande soos die kerk en skool ook daartoe moes bydra (vergelyk 3.3.5).

7.2.4.3 Die vroeë Christene as eksemplaar

7.2.4.3.1 Inleiding

Die prinsipiële beskouing van die historiese ontwikkeling van ouerbetrokkenheid gedurende die vroeë Christentydperk is gedoen aan die hand van die ouers se betrokkenheid op

mikro-onderwysvlak. Deurgaans is die betrokkenheid gemeet aan die vier essensies wat ondersoek is.

7.2.4.3.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Tydens die vroeë Christelike tydperk was 'n band van wedersydse aanvaarding wat gebaseer was op wedersydse liefde en respek vir mekaar sigbaar tussen ouers en kinders. Die vroeë Christen-ouers het hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar omdat hulle aan hul kinders as individue wat deur God aan hulle toevertrou is die nodige opvoedende onderwys verskaf het. Kenmerkend van die vroeë Christentydperk was dat die plek van die kinders in die gemeenskap bevestig is deur die erkenning van hul beeldskap van God (vergelyk 3.4.2). Gesien vanuit 'n Skrifgefundeerde perspektief het die ouers daarin geslaag om hulle kinders onvoorwaardelik in hulle menswaardigheid te aanvaar.

Augustinus se siening dat die individualiteit van die kind onvoorwaardelik aanvaar moes word, het nie slegs in die vroeë Christentydperk 'n bydrae gelewer nie, maar het 'n belangrike rol gespeel in die grondlegging van die Christelike opvoedingsfilosofie. Verder was sy bydrae ook dat hy vir die eerste keer die ware opvoedingsdoel geformuleer het (vergelyk 3.4.2). Alhoewel Augustinus die individualiteit van die kind erken het, het hy 'n probleem gehad om by die mens as religieuse temporele individuele en modaalbepaalde eenheidswese uit te kom.

7.2.4.3.3 Beskikbaarheid van die ouers

'n Kenmerk gedurende die tydperk van die vroeë Christene was dat die ouers vanaf die eerste jaar van hulle kinders se lewe hulself beskikbaar gestel het vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Dit blyk dat die ouers tydens dié tydperk aktief betrokke was by hulle kinders se opvoedende onderwys. Die ouers, veral die Joodse ouers, was nougeset beskikbaar om hulle kinders te onderskraag in hul godsdienstige opvoeding (vergelyk 3.4.3). Die ouers het op mikro-onderwysvlak betrokke geraak by hulle kinders se opvoeding deur steun te verskaf indien die kind as hulpsoekende daarna gevra het. Die gunstige gesinsverhoudinge het dus bygedra tot beter toegeruste kinders wat die toekoms met vertroue kon ingaan.

7.2.4.3.4 Skep van geborgenheidsruimte

Die intieme gesinslewe wat in die huis geheers het, het 'n gunstige klimaat geskep vir 'n geborge opvoedingsatmosfeer. Die ouers se toewyding om hulle kinders in die geborgenheid

van die Here op te voed was die belangrikste faktor tot die skep van 'n geborgenheidsruimte in die gesin (vergelyk 3.4.4). Prinsipiël-besinnend is dus vasgestel dat die ouers in die vroeë Christentydperk hulle ouerlike opvoeding gerig het op die liefde in die gesin wat die grondslag gevorm het vir alle opvoedingshandelinge. Deur die wedersydse liefdebetoning in die gesin is 'n gelukkige en geslaagde gesinsopvoeding so te sê verseker.

Die bydrae van Augustinus tot ouerbetrokkenheid in die tydperk en ook in latere tydperke het besondere betekenis gehad vir die Christen-opvoeder. Omdat Augustinus 'n Christelike ideaal nagestreef het, het hy die opvoeding tot deug gesien as die bereiking van die volmaakte liefde tot God (vergelyk 3.4.4).

Die ouers het die voorbeeld wat Jesus gestel het ten opsigte van die liefdesgebod in die opvoeding gehad om na te volg om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te stig. Die bydrae van Jesus word tans nog steeds as die suiwerste Christelike standpunt beskou en so nagevolg (vergelyk 3.4.4).

7.2.4.3.5 Ouers as kultuurdraers

Die vroeë Christen-ouers was tradisievas en het ook die religieuse tradisies met oorgawe aan hulle kinders oorgedra. As kultuurdraers het hulle hul kultuurverantwoordelikhede aanvaar en daadwerklik bemoenig gemaak ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys in dié verband. Die ouers was tydens die vroeë Christentydperk baie getrou aan die Wet van God en het hulle kinders volgens dié riglyn opvoedend onderwys. As kultuurdraers was die ouers aktief betrokke by dié aspek van die opvoedende onderwys van hulle kinders (vergelyk 3.4.5).

Dit blyk dat die ouers in dié tydperk volgens die religieuse bepaaldheid van Christelike opvoeding opgetree het om kragtens hulle doopbelofte die opvoeding van hulle kinders te onderneem. Deur die ouers se betrokkenheid by die kultuuroordrag (vergelyk 3.4.5) is gunstige omstandighede geskep om deur begeleiding en ontplooiing van hulle kinders se talente hul kinders tot kultuurskepping te lei. Op mikro-onderwysvlak het die ouers betrokke geraak by hulle kinders se opvoedende onderwys deur as kultuurdraers op te tree.

Augustinus se siening dat die Christen uit die heidense kultuur dinge moes neem wat bruikbaar en esteties aanvaarbaar was en wat kon lei tot die verering van die ware God, is Skriftuurlik aanvaarbaar. Transendentiaal-krities beskou het Augustinus homself nie losgemaak van die destydse dualistiese siening van natuur en genade nie (vergelyk 3.4.6).

7.2.4.4 Die Middeleeue as eksemplaar

7.2.4.4.1 Inleiding

Die samevatting en die gevolgtrekkings van die fundamenteel-opvoedkundige navorsing van die geskiedenis van ouerbetrokkenheid gedurende die Middeleeue word vervolgens weergegee. Dit word gedoen aan die hand van die vier essensies wat deurgaans ondersoek is.

7.2.4.4.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Ouers het, volgens die lewensopvattinge van die Middeleeuse tydperk, hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar, maar gemeet aan die essensies van ouerbetrokkenheid soos dit nou (1991) geld, het die ouers nie aan die verwagtinge voldoen nie. Miskenning van die kinders as volwaardige mense was aan die orde van die dag en die kinders is beskou as “klein” volwassenes wat so gou moontlik selfstandig moes optree (vergelyk 3.5.2). Beskou uit die Reformatories-Christelike oogpunt het die ouers gedurende dié tydperk dus nie ’n bydrae gelewer tot beter toerusting vir hulle kinders se opvoeding nie.

Gerson (1363-1429 n.C.) het waarskynlik nie gedurende die Middeleeuse tydperk ’n bydrae gelewer nie, maar sy siening ten opsigte van die aanvaarding van die kind was Skriftuurlik geregverdig. Hy was van mening dat daar in die opvoeding deeglik kennis geneem moes word van die uniekheid van elke kind. Verder moes die kinders opgevoed word om met God te wandel (vergelyk 3.5.2).

7.2.4.4.3 Besikbaarheid van die ouers

Die beskikbaarheid van die ouers gedurende die Middeleeue was fundamenteel-opvoedkundig getoets nie gunstig vir die opvoedende onderwys van die kinders nie. Gedurende dié tydperk het samelewingsverbande soos hofskole die plek van die ouers ingeneem en was die ouers nie geredelik beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie (vergelyk 3.5.3). Die afwesige ouers kon dus nie die noodsaaklike ondersteuning aan hulle kinders verskaf wat van hulle verlang is om tot volle ontplooiing te kom nie.

Selfs in die elfde en twaalfde eeu toe die gesinne nader aan mekaar begin leef het, kan die waarde van die ouers se beskikbaarheid bevestig word aangesien die kinders in oorvol huise moes woon en alles beleef het wat daar in die huis plaasgevind het (vergelyk 3.5.3). Daar is bepaal dat die ouers wel beskikbaar was, maar die kwaliteit beskikbaarheid

word hier bevraagteken. Die oorvol huise het tot gevolg gehad dat die kinders buitenshuis moes grootword.

Gerson se bydrae ten opsigte van ouerbetrokkenheid was nie sigbaar in die Middeleeuse tydperk nie. Sy bydrae deur middel van sy mening dat die ouer as gelowige opvoeder die voorbeeld moes stel deur beskikbaar te wees vir sy kind se opvoedende onderwys deur alles wat die kind kan skaad uit die weg te ruim, is wel fundamenteel-opvoedkundig aanvaarbaar (vergelyk 3.5.3).

7.2.4.4 Skep van geborgenheidsruimte

In toenemende mate het die samelewingsverbande die plek van die ouers begin inneem en was die kinders aangewese op byvoorbeeld die monnike om die opvoedende onderwys te verrig. Die toedrag van sake dui daarop dat die ouers nie 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders geskep het nie. Die seuns en dogters se opvoeding het grootliks van mekaar verskil. Die verskil was daarin geleë dat die dogters in groter geborgenheid grootgemaak is as die seuns. Dogters is in hulle huise opgevoed terwyl die seuns meestal as ridders of in kloosters buite huisverband opgevoed is (vergelyk 3.5.4). Die onbetrokkenheid van die ouers op mikro-onderwysvlak, veral ten opsigte van hulle seuns, dui daarop dat die ouers die beginsel van universaliteit in eie kring, wat op die vervlegting, samehang en enkaptiese verbande tussen die onderskeie samelewingsverbande dui, misken het.

Die invloed van Gerson se siening oor die skepping van 'n geborgenheid was eers in die vyftiende eeu sigbaar in die opvoedende onderwys (vergelyk 3.5.4).

7.2.4.5 Ouers as kultuurdraers

Die moeders wat altyd beskikbaar was vir die kinders se opvoedende onderwys kan beskou word as die belangrikste bydraers tot die kultuur vir hulle kinders. Terwyl die dogters geleentheid gekry het om die tradisies en kultuur van hulle volk in die teenwoordigheid van die moeders te beleef, was die seuns die voorreg ontnem na hulle sewende lewensjaar omdat hulle nie in die huis hulle opvoedende onderwys ontvang het nie (vergelyk 3.5.5). Beskou vanuit 'n Christelik-reformatoriese gesigspunt kan die toedrag van sake nie as ideaal vir die opvoedende onderwys van die seuns beskou word nie.

In aansluiting by die voorafgaande blyk dit dat die samelewingsverbande soos die kloosters grootliks verantwoordelik was om as kultuurdraers op te tree (vergelyk 3.5.5). Die feit dat dié samelewingsverbande die ouers se taak verrig het, dui daarop dat daar 'n besliste

wanbalans ontstaan het en dat die ongunstige omstandighede die ouers verhoed het om beter gesinsverhoudinge asook volkereverhoudinge te skep. Dit kon aanleiding daartoe gee dat die kinders se toerusting wat hulle moes ontvang om te ontplooi tot volwaardige volwassenes, nie bekikbaar was nie.

Gerson se mening oor die ouers se betrokkenheid ten opsigte van kultuuroordrag het verband gehou met Skrifgefundeerde waarheidsmomente, maar dit het klaarblyklik nie inslag gevind by die ouers van die Middeleeuse tydperk nie. Sy pleidooi vir verbeterde kategetiese en volksonderwys, om die kinders te bring tot Christus, het in dié tydperk op dowe ore geval (vergelyk 3.5.5).

7.2.4.5 Die Hervormingstydperk as eksemplaar

7.2.4.5.1 Inleiding

Die samevatting en gevolgtrekkings van die historiese verloop van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak gedurende die Hervormingstydperk word vervolgens weergegee. Dit word aan die hand van die vier essensies wat in die navorsing ondersoek is gedoen.

7.2.4.5.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Gedurende die Hervormingstydperk het die verskillende lande ouerbetrokkenheid nie eenvormig benader nie. Teenstrydighede is veral sigbaar in Duitsland en Engeland. Die ouers in Engeland het hulle kinders meer geredelik aanvaar as individue as die ouers in Duitsland. Die lewensopvattinge van die ouers het gedurende die Hervormingstydperk geleidelik verander: die ouers het die individualiteit van hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar en hulle kinders volgens fundamenteel-opvoedkundig aanvaarbare beginsels opgevoed (vergelyk 3.6.2). Die ouers het dus as verbondsouers die Goddelike opdrag en roeping uitgevoer deur hulle kinders onvoorwaardelik te aanvaar en deur opvoeding te bring tot hulle bestemming van Godverheerliking.

Die bydraes van Luther en Calvyn ten opsigte van die aanvaarding van die kind as skepping van God was alreeds sigbaar in die Hervormingstydperk. Die klem wat hulle gelê het op gelyke geleenthede vir individuele kinders het verder daartoe bygedra dat die seuns en dogters later gelykwaardige opvoedende onderwys ontvang het (vergelyk 3.6.2). Hierdie reformatories-opvoedkundige gedagtes is ook in die Suid-Afrikaanse opvoedingsgeskiedenis ingevleg (vergelyk 5.1).

7.2.4.5.3 Besikbaarheid van die ouers

Gedurende die Hervormingstydperk het die beskikbaarheid van die ouers ook van land tot land verskil. In Duitsland was gesinsopvoeding byvoorbeeld vir die ouers baie belangrik en het hulle hulself beskikbaar gestel om hulle kinders godsdienstig en moreel op te voed. Daarteenoor het die ouers in Engeland hulle kinders na ander gesinne gestuur vir hulle opvoedende onderwys, wat die beskikbaarheid van die ware ouers ongetwyfel beperk het (vergelyk 3.6.3). Dit blyk dus dat die Duitse ouers op mikro-onderwysvlak meer betrokke was om steun te gee aan hulle kinders as hulle daarvoor gevra het en sodoende 'n gunstige klimaat geskep het vir beter gesinsverhoudinge wat kon lei tot beter toerusting van die kind in sy opvoeding. Die Engelse ouers se onbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak het daartoe aanleiding gegee dat daar 'n ongeborgenheid in die gesinne aanwesig was (vergelyk 7.2.4.5.4).

Luther se voorbeeld en Calvyn se filosofie dat die gesin die kern van die opvoeding was en dit dus die ouers se verantwoordelikheid was om hulself beskikbaar te stel vir hulle kinders se opvoedende onderwys, het die reformatoriese beskouing onderskryf (vergelyk 3.6.3).

7.2.4.5.4 Skep van geborgenheidsruimte

Die Hervormingstydperk word ook gekenmerk deur die verskil wat in Duitsland en Engeland geheers het ten opsigte van die skepping van 'n geborgenheidsruimte deur die ouers. Die ouers in Duitsland, wat aan godsdiens 'n belangrike plek in die gesinsopvoeding toegewezen het, het 'n gunstige klimaat vir 'n geborge opvoedingsatmosfeer geskep. In vergelyking met die voorafgaande het die omstandighede waarin die kinders in Engeland moes grootword, nie bygedra tot 'n gunstige geborge opvoedingsatmosfeer vir die kinders nie. Gedurende die Hervormingstydperk het die ouers in Engeland wel vir hulle kinders 'n geborgenheidsruimte geskep maar slegs vir die eerste sewe lewensjare (vergelyk 3.6.4). Die verskil tussen die twee lande kan gesoek word in die ouers se kwaliteit betrokkenheid op mikro-onderwysvlak, die aanvaarding van hulle kinders en ook die ouers se beskikbaarheid.

Uit die rol wat Luther en Calvyn gespeel het in die hervorming en die tydperke daarna is riglyne gestel aan die ouers ten opsigte van hulle betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys. Calvyn sluit by Luther aan met sy siening dat liefde vir God die kern vir die opvoeding vorm. Luther koppel selfs die ouers se opvoeding aan 'n heilige roeping, met die voorwaarde dat die Christelike gesinslewe nooit verontagsaam moet word nie. Die liefde vir God wat in die gesin weerspieël word sal ook in die geborgenheid van

die gesin tot uiting kom (vergelyk 3.6.4). Hul religieuse hartsgegrepenheid het 'n bepaalde invloed op die ouers van die tydperk uitgeoefen met betrekking tot die skepping van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders.

7.2.4.5.5 Ouers as kultuurdraers

Al was volksonderwys aan die orde van die dag, was die moeders 'n belangrike rat in die oordra van kultuur aan hulle kinders gedurende die eerste sewe lewensjare. As kultuurdraers was die ouers nie meer 'n bepalende faktor nadat die kinders skool toe gegaan het nie (vergelyk 3.6.5). Moedertaal het plek gemaak vir Latyn, wat daarop dui dat die ouers een van die belangrikste ankers van die kultuur losgemaak het (vergelyk 3.6.5). Die ouers se onbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak kon nie bydra tot beter volkereverhoudinge nie en die kinders is die nodige kulturele toerusting ontnem om tot volwaardige volwassene te ontplooi.

Die Protestantse Hervorming was ook gekenmerk deur die feit dat samelewingsverbande soos die staat en kerk 'n groot rol begin speel het in die opvoedende onderwys van die kinders. Die feit dat volksonderwys ingestel is om die belange van die kerk en skool te bevorder het daartoe gelei dat die gesin as samelewingsverband nie tot sy reg gekom het nie (vergelyk 3.6.5). Dit blyk dus dat die interne soewereiniteit van die gesin as samelewingsverband nie eerbiedig is nie en dat die kerk en skool die gesin as samelewingsverband oorheers het. Enkaptiese vervlegting het dus eensydig gerealiseer, wat net skadelik vir die kinders van dié tydperk se opvoedende onderwys kon wees (vergelyk 2.5.1).

Luther en Calvyn se lewensopvattinge ten opsigte van die religieuse opvoeding van die kind het van die Hervormingstydperk af deurgesuur tot in die Suid-Afrikaanse opvoedende onderwys (vergelyk 3.6.5). Hierdie religieuse ingesteldheid vorm die grondslag van die Christelik-nasionale onderwysstelsel in Suid-Afrika (vergelyk 5.1).

7.2.5 Eksemplaar van ouerbetrokkenheid uit die historiese verloop van die Amerikaanse opvoedende onderwys

7.2.5.1 Inleiding

Om ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak fundamenteel-opvoedkundig te presiseer is daar besin oor die verlede van die Amerikaanse onderwysstelsel. Die ouerbetrokkenheid in Amerika is vanuit 'n reformatoriese standpunt geëvalueer en die samevatting en gevolgtrekkings word aan die hand van die vier essensies wat ondersoek is, weergegee.

7.2.5.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

In Amerika was die koloniale tydperk wat gestrek het van 1607 tot 1783 gekenmerk deur die stryd in die “Nuwe Wêreld”, wat na alle waarskynlikheid die gesinne nader aan mekaar laat leef het. Samelewingsverbande soos die gesin, kerk en gemeenskap het medeseggenskap aanvaar ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys (vergelyk 4.3.1).

’n Kenmerk van die Amerikaanse ouers is dat hulle vanaf die koloniale tydperk tot die huidige tyd (1991) hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het. Aanvaarding van hulle kinders het grootliks vir die Amerikaanse ouers gelê in die volgende, naamlik dat:

- Hulle kinders na die beeld van God geskape is (vergelyk 4.3.2).
- Hulle kinders as unieke mense en individue beskou is (vergelyk 4.3.2 en 4.3.3).
- Kinders beskou is as die afbeelding van die gesin waaruit hulle afkomstig was (vergelyk 4.3.2).
- Alle mense gelykwaardig deur God geskape is (vergelyk 4.3.2).
- ’n Versekerde toekoms van hulle land deur hulle kinders bewerkstellig kon word (vergelyk 4.3.2 en 4.3.3).
- Hulle kinders ten volle in staat was om te antwoord op God se roeping (vergelyk 4.3.3).

Dit blyk dus uit die voorafgaande dat wanneer die kind, soos in Amerika, deur sy ouers in liefde en as geskenk van God aanvaar word, hy as waardevol en waardig beskou word. So ’n kind sal veilig voel in die opvoedingsklimaat wat deur sy ouers vir hom geskep is. Omdat die kind as waardevol op grond van sy beeldskap van God aanvaar is en nie ter wille van ander oorweginge nie, sal hy homself veranker voel in die gesin en toekoms waarin hy as menswaardige wese sy verantwoordelikhede kan aanvaar en daarvolgens kan leef.

7.2.5.3 Besikbaarheid van die ouers

As gevolg van streekkulture was die beskikbaarheid van die ouers in die verskillende kolonies nie oral ewe gunstig vir hulle kinders se opvoedende onderwys nie. So was die

suidelike kolonies se ouers meer beskikbaar as hulle eweknieë in die noorde (vergelyk 4.4.1).

Hieruit blyk dit dat die lewensopvattinge en lewensomstandighede 'n bepalende rol speel in die betrokkenheid van die ouers op mikro-onderwysvlak. Die ouers het hulle dus volgens hul lewensopvattinge onlosmaaklik verbind met dit wat hulle as waardevol beskou, dit wat vir hulle bepaalde betekenis gegee het aan hulle menslike bestaan (vergelyk 2.2.2). Dit is weerspieël in hulle beskikbaarheid vir hulle kinders se opvoedende onderwys in die verskillende kolonies.

Met die aanvang van die tydperk 1783 was die ouers geredelik beskikbaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Namate die skool 'n groter rol begin speel het in die opvoedende onderwys van die kinders het die Amerikaanse ouers se beskikbaarheid dienooreenkomstig verminder. Teen die einde van dié tydperk is die medeseëgenskap van die ouers ontnem en grootliks deur die staat beheer. Die gevolg was dat die beskikbaarheid van die ouers beperk is ten opsigte van hulle betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys (vergelyk 4.4.1).

Die feit dat die seëgenskap waaroor die ouers as primêre opvoeders beskik het hulle ontnem is, het aanleiding daartoe gegee dat 'n wanbalans ontstaan het (vergelyk 2.7). Die onnatuurlike toestand wat ontstaan het omdat die ouers se beskikbaarheid beperk is, was skadelik vir die kinders se opvoedende onderwys. Die kinders kon as hulpbehoewendes nie aanspraak maak op die steun van hulle ouers as hulle daarom gevra het nie, wat tot gevolg gehad het dat die kinders nie voldoende toegerus kon word vir hul verdere ontwikkeling nie.

Gedurende die agtiende eeu is sigbare bewyse gevind ten opsigte van die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys deur hulle aktiewe deelname in die samelewingsverbande soos die kerk, skool en nywerhede (vergelyk 4.4.2). Dog die eerste gedeelte van die twintigste eeu is gekenmerk deur 'n onbetrokkenheid by die ouers wat toegeskryf kan word aan faktore soos verstedeliking, ekonomiese veranderinge en selfs die negatiewe gesindheid van die skole teenoor die ouers. Gedurende die laat twintigste eeu het die georganiseerde ouerverenigings bygedra tot groter beskikbaarheid van die ouers (vergelyk 4.4.3).

Die aanduiding is dus dat die ouers op mikro-onderwysvlak betrokke geraak het sodra toestande sodanig was dat die ouers deur georganiseerde liggame soos kerke, bedrywe en ouerverenigings betrek is.

7.2.5.4 Skep van geborgenheidsruimte

Vanaf die sewentiende eeu tot die huidige tydperk (1991) was die gesin die kern van die opvoedende onderwys. Die gesin was nie slegs 'n versorgingsgemeenskap nie, maar het die kwaliteite van 'n eenheids-, vormings- en opvoedingsgemeenskap besit om 'n atmosfeer van geborgenheid aan hulle kinders te bied (vergelyk 4.5.1). Die ouers het dus op mikro-onderwysvlak betrokke geraak by hulle kinders se opvoedende onderwys omdat hulle deur die doopbelofte die bindende verantwoordelikhede vir die opvoeding van hulle kinders op hulle geneem het. Die ouers het dus hulle kinders vanuit die geborgenheid van die primêre opvoedingsituasie gelei tot die aanvaarding van verantwoordelikhede in hulle eie opvoeding.

Die ongeborgenheid wat aanwesig was in die gesinne vanaf 1783 tot op die huidige tydperk (1991) kan grootliks toegeskryf word aan die volgende faktore:

- Godsdienst was nie meer erns by die meeste van die gesinne nie (vergelyk 4.5.2).
- Ekonomiese toestande en werkende ouers het bygedra tot die afwesigheid van die ouers in die huis (vergelyk 4.5.2).
- Opvoedende onderwys is grootliks in die hande van die skool gelaat (vergelyk 4.5.3).
- Die verval van die huisgesin na aanleiding van die hoë egskeidingsyfer het 'n bepaalde rol gespeel (vergelyk 4.5.3).

Gesien vanuit 'n Skrifgefundeerde verband kan die redes vir die onbetrokkenheid van die ouers op mikro-onderwysvlak grootliks toegeskryf word aan die verwerping van bepaalde komponente van die reformatoriese samelewings-teoretiese model. Hierdie ouers erken nie God as soewereine skepper van hemel en aarde nie en daarom stel hulle hulself nie in diens van God om as opvoeders op te tree nie (vergelyk 4.5.2 en 4.7.4).

7.2.5.5 Ouers as kultuurdraers

Ondanks die verskillende streekkulture was die pionierouers bereidwillig om as kultuurdraers vir hulle kinders op te tree (vergelyk 4.6.1). Na die pionierstydperk was die ouers nie meer so aktief betrokke by hulle kinders se kultuuroordrag nie. 'n Lewensopvatting is gevorm waarin godsdienst nie meer 'n bepaalde rol gespeel het nie en die staat het selfs meegehelp dat die Bybel en gebed uit die skole geweer is (vergelyk 4.6.2). Die tendens

het voortgeduur tot in 1970 waar die ouers weer tot die besef gekom het dat hulle hul kinders in 'n Christelike lewensopvatlike onderwys moes opvoed (vergelyk 4.6.3).

Dit blyk dat die strewe na sekere ideale soos byvoorbeeld die ontwikkeling van 'n nuwe vaderland en die beskikbaar stel van onderwys wat aanpas by die lewensopvattinge van die ouers bepaalde invloede uitoefen op die ouers se bereidwilligheid om as kultuurdraers op te tree. Verder is dit duidelik dat die vervlakking van die religieuse lewensiening kan bydra tot die onbetrokkenheid van die ouers op mikro-onderwysvlak ten opsigte van kultuuroordrag.

7.2.6 Ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys by primêre skole van blanke kinders in Suid-Afrika (1652-1991)

7.2.6.1 Inleiding

Daar word kortliks 'n samevatting gegee en gevolgtrekkings gemaak gegrond op die bevraagde verlede van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in Suid-Afrika. Dit word gedoen aan die hand van die vier essensies wat deurlopend ondersoek is.

7.2.6.2 Onvoorwaardelike aanvaarding

Met betrekking tot ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika is daar uit die tydperk van ongeveer 300 jaar (1652 tot ongeveer 1950) sekere uitsonderlike kenmerke geïdentifiseer wat daarop dui dat die Afrikaner-ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het. Die kenmerke sluit die volgende in:

- Die aflegging en uitleef van die doopbelofte (vergelyk 5.3.2).
- Die kinders is so gou moontlik met verantwoordelike take vertrou (vergelyk 5.3.2 en 5.4.2).
- Godvresende ouers het hulle kinders volgens hulle Christelike lewensopvatting opgevoed tot die diepe besef van hulle plig teenoor hulle ouers, kerk, land en volk (vergelyk 5.3.2, 5.4.2 en 5.5.2).
- Kinders is onvoorwaardelik aanvaar as volwaardige lede van die gemeenskap sodra hulle kon Bybel lees, skryf en reken (vergelyk 5.4.2).

- Ouers het volgens die Bybelse bepaling geglo dat hulle kinders nie aan die staat behoort nie maar aan die ouers (vergelyk 5.5.2).

Dit blyk dat die ouers van dié tydperk die onvoorwaardelike aanvaarding van hulle kinders grootliks gekoppel het aan hulle religieuse hartsgegrepenheid. Hierdie betrokkenheid en aanvaarding van die ouers op mikro-onderwysvlak is in lyn met die reformatoriese fundamenteel-opvoedkundige sienswyse.

Uit die navorsing (vergelyk 5.5.2) blyk dit verder dat die Afrikaner-ouers vanaf die vyftigerjare in die twintigste eeu nie meer hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar het nie. Die ouers het as individue gefunksioneer en nie meer die gesin die kern van die opvoedende onderwys gemaak nie. Pedagogiese verwaarlosing het geweldige afmetings aangeneem en het so bly voortduur. Dit is nie 'n vreemde gebruik om kinders in die hande van hulpsorg buite gesinsverband te sien na skool nie (vergelyk 5.5.2 en 5.5.3). Dié tendens het nie 'n bydrae gelewer ten opsigte van beter gesinsverhoudinge nie. Die ongunstige opvoedingsverhoudinge in die gesin was veral die grondoorsaak van die pedagogiese verwaarlosing wat ontstaan het (vergelyk 5.6.4). Hierdie toedrag van sake het nie gelei tot 'n deurgronding van die kind se uniekheid en die vestiging van sy Godgegewe plek en roeping nie.

7.2.6.3 Besikbaarheid van die ouers

'n Kenmerk deur die eeue (1652-1850) was dat die meerderheid ouers beskikbaar was vir hulle kinders se opvoedende onderwys. Die ouers se beskikbaarheid het gewissel na gelang van omstandighede en het die volgende behels:

- Die ouers was grootliks gerig op finansiële beskikbaarheid wat onder andere ingesluit het onderwyssalarisse, oprigting van geboue en ander fasiliteite (vergelyk 5.3.3 en 5.4.3).
- Ouers was aktief betrokke by die onderwystaak wat ingesluit het om die kinders te leer Bybel lees en ook godsdiensoonderrig. Veral die moeders het hulp aan hulle kinders verleen met lees en skryfvaardighede (vergelyk 5.3.3 en 5.4.3).
- Faktore soos skoolonderwys wat nie vir die meerderheid Afrikaanssprekende kinders toeganklik was nie en armoede het noodgedwonge bygedra tot groter beskikbaarheid van die ouers (vergelyk 5.4.3).

Die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys het voortdurend gewissel na gelang van die omstandighede waarin hulle hul bevind het. Die volgende gebeurlikhede en omstandighede het gelei tot onbetrokkenheid van die ouers:

- Die staat het sy gesag misbruik en ouers se opvoedingsverantwoordelikheid in onbruik laat verval deur geen regte en magte aan die ouers toe te ken deur wetgewing nie (vergelyk 2.5.2 en 5.4.3).
- Die staat het die verantwoordelikheid van die onderwys aanvaar en die ouers is geleentheid gebied om slegs finansiële beskikbaar te wees (vergelyk 5.4.3).
- Verstedeliking wat die ouers se beskikbaarheidspatroon by die huis belemmer het, het verder ook bygedra tot groter onbetrokkenheid (vergelyk 5.5.3).
- Die meganisme vir die ouers is tot aktiewe betrokkenheid deur statutêre liggame geskep, maar swak ondersteuning en belangstelling was kenmerkend (vergelyk 5.5.3 en 5.6.3).

'n Kenmerk deur die geskiedenis ten opsigte van ouerbetrokkenheid van die Afrikaner-ouers was dat hulle hulself meer beskikbaar gestel het sodra hulle lewensopvatting bedreig is. Die ouers het byvoorbeeld meer betrokke geraak toe hulle moedertaal bedreig is en verder was die oprigting van die C.N.O.-skole ook 'n bewys daarvan (vergelyk 5.5.3).

'n Parallel kan ook getrek word tussen die ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in die pionierstydperk van Amerika en die genoemde tydperk in Suid-Afrika. Dit blyk dat die lewensopvattinge en lewensomstandighede 'n bepalende rol speel in die betrokkenheid van die ouers (vergelyk 2.2.2 en 4.4.1).

7.2.6.4 Skep van geborgenheidsruimte

Die sigbare tekens van ouerbetrokkenheid ten opsigte van die skep van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders kan in twee periodes ingedeel word.

Die eerste periode wat strek vanaf 1652 tot ongeveer die einde van die negentiende eeu is gekenmerk deur die ouers se bereidwilligheid om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep. Die skepping van geborgenheid in die gesin het hoofsaaklik gewentel om die volgende omstandighede:

- Die moeders was die mees toegewyde skeppers van die geborgenheidsruimtes in die gesinne deur liefdevolle versorging, die skep van huislike omgewings en hulle beskikbaarheid wanneer daar opvoedingsnood was (vergelyk 5.3.4 en 5.4.4).
- Verder het die huislike samesyn van die gesinne asook die huisatmosfeer waarin die kinders vanaf die pionierstydperk skoolgegaan het, bygedra tot 'n geborge opvoedingsatmosfeer (vergelyk 5.3.4 en 5.4.4).
- Omdat die gesinslewe om die Bybel gesentreer was en huisgodsdienst 'n belangrike plek in die gesinsamekoms ingeneem het, was geborgenheid in dié gesinne aanwesig (5.3.4 en 5.4.4).
- Die patriargale lewenspatroon wat gebou is om die opvoeding van kinders in gehoorsaamheid, eerbied vir die gesin, liefde vir volk en vaderland en vrees vir God, het gesinne in geborgenheid omvou (vergelyk 5.3.4 en 5.4.4).

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die Afrikaner-ouers se verantwoordelikhedsbesef nie gespruit het uit slegs die gemeenskapsverwagtinge nie, maar dat dit gefundeer was op die siening dat die kind 'n geskenk van God is. Verder het hulle besef dat hulle deur die doopbelofte die bindende verantwoordelikheid van die opvoedende onderwys van hulle kinders op hulle moes neem.

Omstandighede wat gelei het tot ongeborgenheid in Afrikanerhuisgesinne het sigbaar geword gedurende die tweede periode (1910-1991). Faktore wat hiertoe aanleiding gegee het is die volgende:

- Verandering het ingetree in die gesinsverhoudinge as gevolg van die veranderende sosiaal-ekonomiese en kultureel-geestelike omstandighede wat geheers het. Die patriargale gesinne het begin verdwyn en daarmee saam die geborgenheid in die gesinne (vergelyk 5.5.4 en 5.6.4).
- Die werk- en sosialeverpligtinge van die vaders wat gelei het tot hulle afwesigheid in die gesin het tot gevolg gehad dat daar gedragsidentiteitskrisisse in die gesinne ontstaan het. Dit het verder bygedra tot die vervroegde emansipasie van die kinders wat weer negatief ingewerk het ten opsigte van die geborgenheidsatmosfeer wat daar in die gesinne geheers het (vergelyk 5.5.4 en 5.6.4).

- Moeders het na die Tweede Wêreldoorlog die arbeidsveld betree. Dit het hulle van geleentheid ontnem om 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders te skep ook omdat die kinders as gevolg van laasgenoemde omstandighede grootliks in die sorg van bediendes gelaat is (vergelyk 5.5.4 en 5.6.4).
- Ander samelewingsverbande soos die skole, kerke en die staat het heelwat van die ouers se verantwoordelikhede oorgeneem. Dit het gelei tot 'n onveilige en ongeborge opvoedingsatmosfeer in die gesinne (vergelyk 5.5.4 en 5.6.4).
- Die gesinne se strukturele isolasie van verwantskapgroepe het die kinders ontnem van die vormende invloed van grootouers en ander familiebetrekkings en dit het ongeborgenheid tot gevolg gehad (vergelyk 5.6.4).
- Egskeidingsyfers dui daarop dat menige ouers 'n onstabiele en ongeborge opvoedende atmosfeer vir hulle kinders geskep het (vergelyk 5.6.4).

Gedurende die tweede periode het baie van die Afrikaner-ouers hul primêre versorgings- en opvoedingsverantwoordelikhede aan 'n bediende of ander instansies oorgedra, wat aanleiding gegee het tot 'n gebrek aan deurgronding van die kinders se besondere steunbehoewendheid. Baie kinders is ook nie in die veilige ruimte van 'n geheiligde huweliksmilieu opgevoed nie en daarom was die moontlikhede goed dat die kinders nie geanker gevoel het in die gesin nie. In die gesin was daar nie 'n toekoms waarin die kinders hul menswaardighede kon aanvaar en uitleef nie.

7.2.6.5 Ouers as kultuurdraers

Dit blyk duidelik uit die praktyk dat ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika ten opsigte van die kultuuroordrag verdeel kan word in twee hoofstrominge, naamlik 'n tyd van positiewe kultuuroordrag en 'n tyd van passiwiteit teenoor kultuuroordrag.

Positiewe kultuuroordrag was kenmerkend vanaf 1652 tot vroeg in die twintigste eeu. Bewyse ten opsigte van positiewe kultuuroordrag van die ouers aan hulle kinders het onder andere die volgende behels:

- Een aspek van kultuur is deur die Afrikaner-ouers vooropgestel, naamlik hulle religieuse lewe in die gesinne met kerklidmaatskap as doelwit. Godsdiensonderwys is beskou as die kern van die onderwys en daarom het hulle in die bres getree daarvoor toe dit bedreig is (vergelyk 5.3.5, 5.4.5 en 5.5.5).

- Die ouers het hulle kinders volgens hul Protestants-Christelike lewensopvatting opgevoed en die totstandkoming van C.N.O.-skole was die resultaat van hulle bemoeienis (vergelyk 5.4.5).
- Die ouers het die stigting en instandhouding van eie kerke en skole baie sterk voorgestaan om sodoende hulle volkseie kultuur vir hulle kinders behoue te laat bly (vergelyk 5.3.5).
- Van meet af het die ouers in die bres getree vir volkseie skole. Die ouers se weerstand teen geïntegreerde skole waar kinders met Wes-Europese en Afrika-agtergronde saamgevoeg is, kan dien as voorbeeld (vergelyk 5.3.5).
- Daadwerklike optrede van ouers in die taalstryd wat daar voortdurend geheers het bewys dat hulle hul verantwoordelikheid as kultuurdraers nagekom het. Hulle stryd teen verengelsing is na 'n tydperk van ongeveer 250 jaar beloon toe die kinders se huistaal die verpligte meduim van aanvangsonderwys op skool geword het. Hierdie sukses van die ouers het in later jare verder uitgekring met die oprigting van enkelmedium skole en die uitbreiding van moedertaalonderwys dwarsdeur die kinders se onderwysloopbaan (vergelyk 5.5.5).

As kultuurdraers het die ouers gedurende bogenoemde tydperk dus 'n bydrae gelewer tot die volkseie opvoedende onderwys van hul kinders sonder dat hulle hul bevoegdheidsterrein oorskry het.

Die onbetrokkenheid van die ouers het vanaf die begin van die twintigste eeu wisselende tendense getoon. Die positiewe tendens in die periode kan nie met oortuiging aan die ouers se bydraes gekoppel word nie, maar dit kan ook nie heeltemal uitgesluit word nie. Die aandrang tot enkelmediumskole waarin die volkseie gees moes heers en 'n vaste plek wat Godsdiensonderrig in die kurrikulum verkry het, is bewyse van positiewe kultuuroordrag (vergelyk 5.5.5).

Dit blyk ook dat die Afrikaner-ouers in die tydperk grootliks onbetrokke geraak het by hulle kinders se kultuuroordrag. Verskeie faktore en omstandighede kon daarvoor verantwoordelik gehou word, wat kortliks hier weergegee word:

- Verstedeliking en verarming van die gesinne het die ouers in 'n groot mate beperk om kultuuroordrag na behore te kon doen. Dit het daartoe gelei dat die ouers die kultuurtaak hoofsaaklik aan die skool oorgelaat het (vergelyk 5.5.5).

- Onder die druk van die nywerheidsontwikkeling het die Afrikaner-ouers wat hulle in vreemde sosiaal-kulturele omstandighede bevind het, klaarblyklik geswig onder die snelle verandering en aanpassingstryd en daarom nie die nodige kulturele ondersteuning aan hulle kinders gegee nie (vergelyk 5.5.5).
- Na Republiekwording in 1961 was daar sterk bewyse dat die ouers nie sorg gedra het dat hul taal gehandhaaf is nie (vergelyk 5.5.5).
- Uit statistieke wat in 1976 gepubliseer is, is die ouers se kwynende betrokkenheid by hulle kultuurbeoefening duidelik uitgespel. Dit blyk dat die ouers in gebreke gebly het om onder andere kerkdienste en volksfeeste by te woon (vergelyk 5.6.5).
- Vanaf 1967 moes die samelewingsverbande soos die staat en die skool begin sorg dra dat Christelike en nasionale onderwys aan die kinders oorgedra word omdat die ouers klaarblyklik tevrede was om toe te kyk (vergelyk 5.6.5).

Die ouers se onbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in die genoemde tydperk dui dus daarop dat hulle nie meer as kultuurdraers 'n beduidende bydrae lewer ten opsigte van hulle kinders se opvoedende onderwys nie.

7.2.7 Empiriese ondersoek

7.2.7.1 Inleiding

Op grond van gegewens verkry uit die literatuurondersoek (hoofstukke 1-5) is die doel van die empiriese ondersoek vasgestel op die volgende:

- om vas te stel of die blanke ouer van die primêre skool sy kind as skepping van God aanvaar;
- om te bepaal of die blanke ouer van die primêre skool homself genoegsaam beskikbaar stel vir sy kind se opvoedende onderwys;
- om vas te stel in hoe 'n mate bogenoemde ouer toegerus is tot die skepping van 'n geborge opvoedende onderwysatmosfeer vir sy kind op mikro-onderwysvlak;
- om empiries te kontroleer of die ouer as kultuurdraer vir sy kind optree, en

- om aan te toon watter riglyne deur die empiriese ondersoek blootgelê is vir effektiewer ouerdeelname in die opvoedende onderwys op mikro-onderwysvlak (vergelyk 6.2).

Om bogenoemde doelstellings te bereik is van die meetinstrument soos uiteengesit in paragraaf 6.3.1 gebruik gemaak.

7.2.7.2 Bevindinge gegrond op die empiriese ondersoek

Na aanleiding van die empiriese ondersoek is die volgende gevolgtrekkings gemaak ten opsigte van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in die blanke primêre skool in Suid-Afrika:

7.2.7.2.1 Biografiese besonderhede (vergelyk 6.4.2.4)

- Die tipiese ouers kom uit volledige huisgesinne waar die kinders gunstige opvoedende onderwysgeleenthede het, en ook die voorreg het om uit die huis skool te gaan.
- Vaders beklee goeie en gemiddelde beroepsposisies wat 'n baie gunstige opvoedingsmilieu bied vir hulle kinders.
- Gunstige omstandighede bestaan ter bevordering van ouerbetrokkenheid in die feit dat die meerderheid moeders huisvrouens is.
- Die feit dat die meerderheid ouers redelik tot goed geletterd is, skep beter geleenthede vir hulle kinders ten opsigte van hulle opvoedende onderwys.

7.2.7.2.2 Onvoorwaardelike aanvaarding (vergelyk 6.4.3.4)

- Die ouers se bereidwilligheid om hulle kinders onvoorwaardelik te aanvaar blyk uit hulle onderskrywing van die belangrikheid dat hulle kinders op skool moet presteer. Die prestasie van die kinders is nie slegs belangrik vir hulle onvoorwaardelike aanvaarding nie maar ook om hulle voor te berei vir die toekoms.
- Tugmaatreëls soos teregwysing en in gesprektrading met hulle kinders na minder ernstige oortreding bevestig die ouers se onvoorwaardelike aanvaarding van hulle kinders. Hieruit blyk dit dat daar 'n wedersydse vertrouensverhouding bestaan wat net bevorderlik vir die opvoedende onderwys van die kinders kan wees.

- Die ouers se grondige kennis van hulle kinders se ideale en talente dui op onvoorwaardelike aanvaarding wat impliseer dat die kinders as waardevol en waardig beskou word en daarvolgens opgevoed word.
- Die inagneming van die kinders se menings by gesinsbesluite dui daarop dat die ouers hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar, wat verder impliseer dat dié kinders se menswaardigheid erken is.
- 'n Diskrepanisie is aangedui ten opsigte van die toediening van lyfstraf by minder ernstige oortredings en ernstige oortredings. Die implikasie hiervan dui daarop dat die ouers nie konsekwent is in hulle opvoedingshandelinge nie, wat 'n onseker gevoel by die kinders kan tuisbring ten opsigte van hulle aanvaarding as individue.

7.2.7.2.3 Besikbaarheid van die ouers (vergelyk 6.4.4.4)

Uit die response van die ouers blyk dit dat hulle geredelik beskikbaar is vir hulle kinders se opvoedende onderwys ten opsigte van die volgende:

- Ouers skenk ten minste 'n uur per dag aandag aan hulle kinders se huiswerk.
- Ouers woon oueraande wat in verband staan met skoolwerk gereeld by.
- Veral die moeders is geredelik beskikbaar vir hulle kinders smiddae na skool.
- Individuele ouers wil deur middel van ouerinspraak beskikbaar wees vir ouerverenigings en bestuursrade.
- Ouers is bereid om finansieel beskikbaar te wees. Hulle wil in samewerking met die skool betrokke raak by fondsinsamelingsprojekte.
- Ouers is beskikbaar om by skoolfunksies te werk.

Onbetrokkenheid van die ouers het aan die lig gekom uit die volgende:

- Hulle is onbetrokke by skoolaktiwiteite soos die afrigting van sport en kultuur.
- 'n Diskrepanisie is aangedui ten opsigte van die ouers se tevredenheid met hulle betrokkenheid by skoolaktiwiteite en hulle werklike beskikbaarheid. Dit impliseer

dat die ouers tevredenheid toon ten opsigte van hulle onbetrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys en dit kan nie bevorderlik wees vir die kinders se opvoeding nie.

7.2.7.2.4 Skep van geborgenheidsruimte(vergelyk 6.4.5.4)

- Die ouers skep gunstige geborge opvoedingsgeleenthede deur meer as 30 minute per dag aandag aan hulle kinders te skenk.
- Deur sekere verantwoordelikhede aan hulle kinders toe te vertrou, aanvaar die ouers hulle kinders onvoorwaardelik, wat op sy beurt weer 'n geborge opvoedingsverhouding in die gesin skep.
- Die inagneming van die kinders se menings wanneer daar meningsverskille tussen ouers en kinders is, dui op die skepping van 'n geborgenheidsruimte in die gesinne.
- Gesamentlike taakverrigtinge en gesprekvoering skep 'n gunstige klimaat vir 'n geborge opvoedingsatmosfeer in die gesinne.

'n Klimaat van ongeborgenheid is ook aangedui:

- Die Afrikaner-ouers kan nie meer daarop aanspraak maak dat huisgodsdienste 'n belangrike plek in alle huise inneem nie.
- Die meningsverskille tussen die ouers ten opsigte van die uitoefening van tugmaatreëls in die gesinne kan bydra tot ongeborgenheid.
- 'n Groot diskrepansie is aangedui ten opsigte van ouers se menings dat groter geborgenheid gewaarborg word in gesinne waar hulle saam speel en werk teenoor die ouers se werklike deelname hieraan. Dit impliseer dat die ouers nie opreg is in hulle opvoedingstaak nie.

7.2.7.2.5 Ouers as kultuurdraers (vergelyk 6.4.6.4)

As kultuurdraers is die ouers se betrokkenheid by hulle kinders se opvoedende onderwys nie na wense nie omdat:

- Hulle wel toesien dat hulle kinders die kulturele aktiwiteite by die skool bywoon maar nie self aktief betrokke is nie.
- Die ouers selde of ooit volksfeeste persoonlik bywoon.
- Ouers nie deur voorlewing die volkstradisies aan hulle kinders oordra nie, alhoewel hulle dit aan hulle kinders oorgedra wil hê.
- 'n Diskrepanse bestaan tussen die ouers met 'n Christelike lewensopvatting en die hou van huisgodsdienst. Dit impliseer dat die ouers nie meer hulle lewensopvattinge uitleef en voorleef aan hulle kinders nie.

Enkele aspekte van kultuur wat die ouers aan hulle kinders oordra is die volgende:

- Die ouers dra wel sorg dat hulle moedertaal suiwer gepraat word.
- Met enkele uitsonderings onderskryf die blanke Afrikaans-sprekende ouers die Christelike lewensopvatting.

7.2.8 Vergelykende oorsig

7.2.8.1 Inleiding

Dat die ouers as primêre opvoeders van hulle kinders betrokke moet wees by die opvoedende onderwys van hulle kinders, kom sterk na vore in die navorsing. Die ouerbetrokkenheid in die tydperke en lande soos die VSA en RSA het eerstens bepaalde positiewe bydraes gelewer rakende die betrokkenheid van ouers op mikro-onderwysvlak en die opvoedende onderwys van die kinders. Die bydraes wat gemaak is ten opsigte van die vier essensies word kortliks weergegee.

7.2.8.2 Positiewe bydraes

7.2.8.2.1 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die ouers se positiewe bydraes ten opsigte van die aanvaarding van hulle kinders in die verskeie lande en tydperke was die volgende:

- In die Griekse tydperk het die Atheense ouers daarvoor gesorg dat die opvoedende onderwys 'n huislike aangeleentheid geword het (vergelyk 3.2.2 en 7.2.4.1.2).
- Tydens die ou-Romeinse tydperk het die ouers 'n belangrike plek aan hulle kinders in die gesin toegeken (vergelyk 3.3.2 en 7.2.4.2.2).
- Die ouers het gedurende die vroeë Christentydperk erkenning aan hulle kinders gegee omdat, so het hulle geglo, die kinders deur God aan hulle toevertrou is (vergelyk 3.4.2 en 7.2.4.3.2).
- Dit was in ooreenstemming met die ouers van die Hervormings-tydperk se lewensopvattinge dat hulle hul kinders volgens hulle individualiteit opvoedend onderwys het (vergelyk 3.6.2).
- Die ouers in Amerika het daarvoor gesorg dat hulle kinders opvoedend onderwys word omdat hulle kinders die beeld van die gesin uitgedra het, gelykwaardig deur God geskape is en dat die kinders die land se toekoms is (vergelyk 4.3.2 en 4.3.3).
- In Suid-Afrika het die ouers deur die uitleef van die doopbelofte hulle kinders volgens hulle Christelike lewensopvattinge opvoedend onderwys (vergelyk 5.3.2 en 5.4.2).
- Tans (1991) speel die kinders se mening 'n belangrike rol in gesinsbesluite en dra die ouers in Suid-Afrika goeie kennis van hulle kinders se ideale en moontlikhede (vergelyk 6.4.3.4).

7.2.8.2.2 Beskikbaarheid van die ouers

Ten opsigte van die ouers se beskikbaarheid het hulle in die verskillende tydperke en lande die volgende gunstige bydraes gelewer.

- Die Atheense ouers het sorg gedra dat beter gesinsverhoudinge ontstaan (vergelyk 3.2.3).
- Die ou-Romeinse ouers het deur regilieuse bande die gesin saamgebind in 'n eenheid (vergelyk 3.3.3).
- In die vroeë Christentydperk het die ouers hulle kinders se godsdienstige opvoeding voorkeur laat geniet (vergelyk 3.4.3).

- Gedurende die Hervormingstydperk het die ouers in Duitsland hulle kinders se godsdiens en morele opvoeding vooropgestel (vergelyk 3.6.3).
- In Amerika het die ouers tot op hede (1991) baie vermag deur die georganiseerde ouer-onderwysersverenigings (PTA) 'n vaste staanplek te gee ter bevordering van effektiewe opvoedende onderwys (vergelyk 4.4.3 en 4.7.3).
- Die meerderheid Afrikaner-ouers in Suid-Afrika het daarvoor gesorg dat daar omgesien is na die lewensopvattinge wat hulle uitgeleef het (vergelyk 5.5.3).
- Die huidige situasie in Suid-Afrika is dat die ouers hulle steun gee ten opsigte van finansies en hulp by skoolfunksies (vergelyk 6.4.4.4).

7.2.8.2.3 Skep van geborgenheidsruimte

In die verskillende lande en tydperke het die ouers die volgende bydraes gelewer ten opsigte van die skep van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders se opvoedende onderwys:

- Atheners se hegte gesinsverbande het die kind se opvoedende onderwys bevorder (vergelyk 3.2.4).
- Effektiewe gesinsonderwys het in die ou-Romeinse tydperk plaasgevind (vergelyk 3.3.4).
- Die ouers van die vroeë Christelike tydperk het hulle daadwerklik toegewy daaraan om 'n geborge ruimte vir hulle kinders te skep (vergelyk 3.4.4).
- Gedurende die Hervormingstydperk het godsdiens 'n belangrike rol gespeel in die gesinsoopvoeding van veral die Duitse gesin (vergelyk 3.6.4).
- Die ouers in Amerika het sorg gedra dat 'n versorgings-, eenheids-, vormings- en opvoedingsgemeenskap gestig is (vergelyk 4.7.4).
- In Suid-Afrika het die ouers gesorg dat huislike samesyn, veral om huisgodsdiens 'n ereplek verkry het (vergelyk 5.4.4).
- Die ouers in Suid-Afrika bied tans geleentheid tot gesamentlike taakverrigtinge en gesprekvoering met hulle kinders (vergelyk 6.4.5.4).

7.2.8.2.4 Ouers as kultuurdraers

As kultuurdraers het die ouers die volgende positiewe bydraes gelewer:

- Die taalontwikkeling deur die Griekse ouers het die taaltrots bevorder (vergelyk 3.2.5).
- In Rome het die Romeinse gesinne medeseggenkap aanvaar in die opvoedende onderwys (vergelyk 3.3.5).
- Die religieuse aspek van die kultuur het voorkeur geniet by die vroeë Christentydperk se ouers (vergelyk 3.4.5).
- Volksonderwys is veral deur die moeders behartig in Duitsland (vergelyk 3.6.5).
- Die ouers in Amerika het hulle Christelike lewensopvattinge aan hulle kinders oorgedra (vergelyk 4.6.1).
- In Suid-Afrika het die ouers daarvoor gesorg dat veral omgesien is na die behoud van hul moedertaal, Protestants-Christelike lewensopvattinge, eie skole en kerke (vergelyk 5.3.5 en 5.4.5).
- Huidiglik dra die Suid-Afrikaanse ouers sorg dat hulle moedertaal suiwer gepraat word en onderskryf hulle die Christelike lewensopvatting (vergelyk 6.4.6.4).

7.2.8.3 Gebreke

Die ouerbetrokkenheid by die opvoedende onderwys in die lande en verskillende tydperke het tweedens egter ook identifiseerbare gebreke getoon, naamlik dat:

- die Griekse opvoedende onderwys oorheers is deur die staat (vergelyk 3.2.7);
- in die Grieks-Romeinse tydperk die ouers in hulle opvoedingstaak 'n ondergeskikte rol vervul het teenoor die skool en bediendes, en dat die kind 'n minder belangrike plek in die gesin ingeneem het (vergelyk 3.3.6);
- die samelewingsverbande soos die kerk en skool die plek van die ouers gedurende die Middeleeue ingeneem het (vergelyk 3.4.6);

- die kinders gedurende die Hervormingstydperk in Engeland buite die gesinsverband opvoedend onderwys is (vergelyk 3.6.6);
- die verval van die huisgesin, ekonomiese toestande en werkende moeders in Amerika die opvoedende onderwys negatief geraak het (vergelyk 4.7.4);
- die kinders in Suid-Afrika na skool in hulpsorg buite gesinsverband geplaas is as gevolg van omwentelinge in sosiaal-ekonomiese en kultureel-geestelike omstandighede asook onstabiele gesinsomstandighede (vergelyk 5.7.4 en 5.7.5), en
- onbetrokkenheid ontstaan as gevolg van ouers se verkeerdelike aanname dat hulle genoegsaam betrokke is asook dat die Suid-Afrikaanse ouers nie hulle Christelike lewensopvattinge in hulle huisgodsdienst uitleef nie (vergelyk 6.4.4.4 en 6.4.6.4).

Uit die kursoriese vergelykende oorsig van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die verskillende tydperke en lande kan die betrokkenheid van die ouers op mikro-onderwysvlak in Suid-Afrika baat vind. Na die navorsing van die ouerbetrokkenheid in die verskillende tydperke en lande geëvalueer is, het dit aan die lig gekom dat ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in Suid-Afrika, net soos in vorige tydperke en ander lande, nog meer verfynd kan word.

7.2.9 Bevindinge

Uit die literatuurstudie van die onderskeie lande en tydperke asook die empiriese navorsing is tot sekere bevindinge gekom wat nodig is vir effektiewe ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak.

7.2.9.1 Onvoorwaardelike aanvaarding

Die volgende is bevind ten opsigte van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak wat bevorderlik is vir die onvoorwaardelike aanvaarding:

- dat opvoeding 'n huislike aangeleentheid is en dat die kinders 'n bepaalde plek in die gesin beklee;
- dat kinders gelykwaardige individue is en dat hulle menings waarde dra, en
- dat Christelike ouers hulle doopbelofte moet nakom.

7.2.9.2 Besikbaarheid van die ouers

Die fasette van effektiewe beskikbaarheid van ouers wat 'n deurslaggewende rol by geslaagde ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak speel, is:

- positiewe gesinsverhoudinge dra by tot beter gesindhede vir betrokkenheid;
- die godsdienstige en religieuse bindinge in die gesin asook die uitleef van lewensopvattinge stig doelmatige ouerbetrokkenheid, en
- georganiseerde ouerdeelname met hulpverlening in die kind se opvoedende onderwys is van kardinale belang vir ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak.

7.2.9.3 Skep van geborgenheidsruimte

Ten opsigte van die skep van 'n geborgenheidsruimte is bevind dat effektiewe ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak veral moontlik gemaak is deur die volgende:

- gehegtheid, eenheid en samesyn in die gesin;
- effektiewe onderwys en onderrig in die gesin sowel as die skool;
- getroue en ware godsdienstbelewensisse in die gesin, en
- gesamentlike taakverrigtinge en gesprekvoering in die gesin.

7.2.9.4 Ouers as kultuurdraers

Vir effektiewe ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak is bevind dat dit vir die ouers as kultuurdraers nodig is om:

- hulle moedertaal en die volkseie instellinge soos hul eie kerke en skole te koester;
- medesegenskap te aanvaar vir hulle kinders se opvoedende onderwys;
- voorkeur te verleen aan religie en hulle (Christelike) lewensopvattinge uit te leef, en
- die moeder 'n belangrike plek in die opvoedende onderwys te laat beklee.

7.2.9.5 Grondvereistes vir geslaagde ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak

Uit die bogenoemde bevindings kom daar algemene grondvereistes na vore wat nodig is vir effektiewe ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak.

- Daar moet ten eerste 'n gesonde, ontspanne en huislike atmosfeer in die ouerhuis teenwoordig wees.
- Naas die nakoming van die Christelike ouers se doopbelofte is die religieuse (en Christelike) lewensopvattinge en die uitleef daarvan die belangrikste vereiste vir geslaagde ouerbetrokkenheid.
- Ouers moet medesegenskap aanvaar om deur gesamentlike taakverrigtinge deel te hê aan georganiseerde sowel as individuele hulpverlening.
- Die moeder behoort 'n sentrale plek in te neem in die gesinsopvoeding.

7.3 AANBEVELINGS

In die lig van wat in hierdie navorsing bevind is, word die volgende aanbevelings gedoen:

- Daar behoort dringend na die aard, wese en behoeftes ten opsigte van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak gekyk te word, ten einde vas te stel of die huidige wetgewing genoegsaam daarvoor voorsiening maak en of die terreinafbakening duidelik genoeg is.
- 'n Kursus in ouerleiding moet deel uitmaak van die basiese opleidingsprogram vir studente wat tot die onderwysprofessie toetree. Effektiewe ouerbetrokkenheid moet in die kursus ingebou word en as noodsaaklike kennis vereis word van enige toekomstige onderwyser. Onderwysers wat nie hierdie kursusse deurloop het nie moet dit as deel van hulle indiensopleiding ontvang.
- Daar moet statutêre inskakeling van die individuele ouers by die opvoedende onderwys op alle vlakke wees. Die samelewingsverbande soos die gesin, skool, staat en kerk moet inspraak hê, elk volgens sy eie funksie. Die funksies van elke samelewingsverband moet baie duideliker afgebaken word.

- Die skool sal die inisiatief moet neem om die huis en die skool nader aan mekaar te bring. Die skoolhoof as bestuursleier moet hier die inisiatief neem deur as skakel tussen die ouers en skool te dien.
- 'n “Oopdeurbeleid” moet die ideaal van die opvoedende onderwyser word waar kommunikasie voorrang moet geniet. Dit kan geskied by wyse van:
 - ▣ Rapporte en vorderingsverslae op gereelde basis.
 - ▣ Inligtingskrywes waarop ouers terug kan op reageer.
 - ▣ Individuele onderhoude met ouers en oueraande.
 - ▣ Ouervergaderings en konferensies.
 - ▣ Gereelde huisbesoek deur die onderwysers.
 - ▣ Informele samekomste tussen ouers en onderwysers.
- Daar behoort dringend gekyk te word na die bydraes wat ouers as gespesialiseerde kundiges op verskillende terreine van die opvoedende onderwys kan lewer. Hierdie kundigheid van die ouers moet vir die skole beskikbaar gestel word op kurrikulêre sowel as buite-kurrikulêre vlakke.
- Die ouers se inspraak in die samestelling van die kurrikulum moet vergroot word sodat die ouers se Christelike lewensopvattinge in die skool se leerinhoude weerspieël kan word.
- Namate die ouers se seggenskap by die opvoedende onderwys groter word behoort die ouers se finansiële bydraes te vergroot, omdat hulle as primêre opvoeders van hulle kinders die grootste belang by die kwaliteit onderwys van hulle kinders het.
- Ouerleidingklinieke moet gereeld deur kundiges aangebied word. Hier moet die ouers op praktiese wyses bewus gemaak word van die opvoedings-essensies. Die ouers kan hier weereens onder die besef gebring word dat hulle hul kinders onvoorwaardelik moet aanvaar as skeppinge van God. Verder moet kwaliteit beskikbaarheid van die ouers hulle erns gemaak word. Die belangrikheid van die ouers as kultuurdraers en skeppers van 'n geborgenheidsruimte vir hulle kinders se opvoedende onderwys kan ook by die klinieke by hulle tuisgebring word.

7.4 SLOTSOM

Die slotsom waartoe in hierdie ondersoek na ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak in die primêre skool in Suid-Afrika geraak word, is dat kwaliteit ouerbetrokkenheid onont-

beerlik is in die opvoedende onderwys van die kind. Indien dit nie gebeur nie, gaan die kind nie tot 'n volwaardige mens groei nie.

Die ouers het die verantwoordelike taak om nie net hulle kinders tuis tot eer van God en tot naastediens op te voed nie, maar ook om toe te sien dat die skool se opvoedende onderwys aansluiting vind by die gees en rigting van die ouerlike opvoeding. Kwaliteit ouerbetrokkenheid kan slegs plaasvind as die ouers en die skool die fundamenteel-opvoedkundige aard van ouerbetrokkenheid uitleef. In hierdie navorsing is gepoog om die fundamenteel-opvoedkundige aard van ouerbetrokkenheid op mikro-onderwysvlak te prisi-seer, wat met vrug deur belanghebbendes in die opvoedende onderwysituasie toegepas sou kon word.